| Jesus is lief vir Kinders! | Omgeegroepe | 18-24 Januarie 2015 |
|---|---|---|

**1. Lief en leed**

Deel met mekaar die lief en leed van die afgelope week asook wat jou Sondag met die eredienste getref het.

**2. Ingenooi in God se rus en tyd**

Vind Rus in die Here se teenwoordigheid en bid saam.

**3. Luister na God se Woord**

Lees Markus 10:13-16. Deel in die groep julle indrukke van die gedeelte met mekaar.

**4. Luister na mekaar en die wêreld**

Hoe moet ons Markus 10:13-16 in ons leefwêreld vandag toepas? Dink en praat daaroor.

**5. Luister nou weer na God se Woord**

Wat sê die gedeelte vir ons rakende God se houding teenoor kinders?

**6. Fokus op wat God doen**

Hierdie gedeelte bevestig aan ons hoe belangrik kinders vir God is.

**7. Antwoord met ons lewe**

Laat ons ook teenoor kinders en jongmense optree soos wat Jesus gedoen het. Om hulle lief te hê met sy liefde!

**8. Bid nou saam**

Bid nou saam soos die Gees van God julle lei. Bid ook vir die Kategese en die Week van gebed. Bid ook vir die doopouers, hulle familie en die seuntjie wat Sondag ten doop gebring is. Bid vir die mense in die gebedsbrief of waarvan jy weet wat siek of hartseer is.

**9. Reëlings**

Maak seker van julle diensbeurte by die erediens, nagmaal en teedrink.